Rcf 18/87

385/86/AV

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

JOHN SWARTS 1ste Appellant

MOEGAMAT MANSOER LEE 2 de Appellant

EN

DIE STAAT Respondent

CORAM: GROSSKOPF, SMALBERGER, ARR en KUMLEBEN, Wnd AR

VERHOOR: 19 Maart 1987

GELEWER: 26 Maart 1987

---

UITSPRAAK

GROSSKOPF, AR

Die twee appellante is saam met twee ander persone in

die ...........

die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop aangekla van moord en menseroof. Die appellante was onderskeidelik beskuldigdes 2 en 3, en ek sal voortgaan om so na hulle te verwys. Aan die einde van die verhoor voor VAN SCHALKWYK WR en twee assessore is beskuldigde 1 onskuldig bevind en ontslaan op albei klagtes. Beskuldigde 4 is skuldig bevind as begunstigde op die moordaanklag en onskuldig op die aanklag van menseroof. Beskuldigdes 2 en 3 is skuldig bevind op albei klagtes. Ten opsigte van die moordklag is geen versagtende omstandighede bevind nie, en is hulle ter dood veroordeel. Op die klag van menseroof is 'n vonnis van gevangenisstraf opgelê. Met verlof van die verhoorregter kom hulle nou in hoër beroep teen hul skuldigbevinding aan

moord en teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede teenwoordig was nie.

Die feite van die saak is soos volg. Die twee appellante het gedurende die Paasnaweek van 1985 in Atlantis gaan kuier. Beskuldigde 3 het heelwat familie daar, asook 'n vrou. Gedurende die oggend van Goeie Vrydag, 5 April 1985, het dit tot sy kennis gekom dat iemand by die woonstel wat deur sy vrou bewoon word, ingebreek het, en die krane oopgedraai en laat loop het met die resultaat dat heelwat waterskade aangerig is. Daarbenewens is die bande van sy motor, wat buite die woonstelgebou gestaan het, stukkend gesny. Toe die skade aangerig is, en toe dit ontdek is, was beskuldigde 3 nie by die woonstel aanwesig nie. Toe hy daarvan

verneem .........

verneem, het hy, saam met beskuldigdes 1 en 2 en die staatsgetuie Anthea Smith (beskuldigde 3 se suster), gaan ondersoek instel. Beskuldigde 3 het tot die slotsom geraak dat dit Joseph Fredericks, alias Sorrows, (die oorledene) was wat vir die molès verantwoordelik was. Die oorledene was vroeër in diens van beskuldigde 3 in sy besigheid as dwelmhandelaar. Daar het egter moeilikheid tussen hulle gekom omdat, volgens beskuldigde 3, die oorledene nie behoorlik rekenskap gegee het van geld wat hy namens beskuldigde 3 besit het nie. Die sakeverhouding tussen hulle het as gevolg daarvan tot 'n einde gekom.

Toe beskuldigde 3 die skade waargeneem het, het hy en beskuldigde 2 onmiddellik vir die oorledene gaan soek.

Hulle .......

Hulle kon hom nie vind nie. Kort daarna het beskuldigde 3 vir beskuldigde 4, wat sy motor by hom gehad het, raakgeloop, en met hom gereël dat hy vir hulle sou vervoer om vir die oorledene te soek. Gedurende die soektog was die vier beskuldigdes en Anthea Smith in die motor. Beskuldigde 4 het bestuur. Mense het aan hulle gesê dat die oorledene besig is om Kaapstad toe te ryloop. Uiteindelik, naby die Tedelex fabriek, het hulle die oorledene gevind. Beskuldigde 3 het uit die motor geklim (en miskien beskuldigde 2 ook) en die oorledene oorreed om agter in die motor in te klim.

Die groep het eers teruggery na ŉ woonstelblok genaamd Lark's Place, waar ŉ ander suster van beskuldigde 3

gewoon ........

gewoon het. Daar het beskuldigde 4 brandstof in die motor gegooi. Anthea Smith het uitgeklim en nie teruggekeer nie. Beskuldigde 1 (en miskien ook beskuldigde 3) het vir 'n rukkie by die woonstelle ingegaan. Die oorledene het egter in die motor gebly, en so ook beskuldigde 2. Nadat die vier beskuldigdes weer almal in die motor was, het hulle voortgery. Beskuldigde 3 het die rigting aangedui. Hulle het eers met die pad na Silwerstroomstrand gery, maar toe in 'n grondpad afgedraai en uiteindelik aan die verkeerde kant van die pad stilgehou. Hierdie punt was 'n afstand van 8,6 km vanaf Lark's Place.

Toe die motor stilgehou het, is die oorledene uit die motor geneem na 'n punt 110 treë in die bosse in. Daar is hy met 'n piksteel geslaan totdat hy inmekaar gesak het. Tak-

ke ........

ke is op sy liggaam geplaas en aan die brand gesteek. Hy is in die aanranding dood.

Die vernaamste lykskouing-bevindings was dat die oorledene se arms, gesig en anterior toraks verkool was, en dat daar 'n fraktuur van die skedel was vanuit beide oogholtes asook vergruising van die regter maksilla. Volgens die senior distriksgeneesheer van Paarl, Dr. M C Muller, was die oorsaak van dood die fraktuur van die skedel met breinskade,wat deur stompgeweld veroorsaak is. Die aanduidings was dat die oorledene reeds dood was toe sy liggaam verbrand is.

Oor die gebeure by die misdaadtoneel was die verhoorhof aangewese op die weergawes van die vier beskuldigdes.

Beskuldigde ........

Beskuldigde 1 en beskuldigde 2 het in hul getuienis al die blaam vir die aanranding op beskuldigde 3 gepak. Beskuldigde 3, daarenteen, het getuig dat beskuldigde 2 alleen die aanranding gepleeg het. Beskuldigde 4 het getuig dat beskuldigde 2 en beskuldigde 3 albei deelgeneem het.

Die hof a quo het hierdie feite-dispuut as volg benader. Eers is beskuldigde 3 se getuienis oorweeg. Om redes genoem in die uitspraak is sy weergawe verwerp. Daarna is beskuldigde 4 se getuienis behandel. Hy is as 'n medepligtige beskou, maar daar is bevind dat sy getuienis nogtans aanvaar kon word. Daarna is die getuienis van beskuldigde 1 en beskuldigde 2 oorweeg. Daar is bevind dat geen waarde aan die getuienis van beskuldigde 1 oor die gebeure ..........

beure by die toneel geheg kon word nie. Beskuldigde 2 se weergawe is ook oorweeg en verwerp. Die resultaat was dus dat beskuldigde 4 se weergawe aanvaar is, en dat die ander beskuldigdes se weergawes verwerp is.

Beskuldigde 4 se getuienis oor wat op die kritieke stadium gebeur het kan soos volg opgesom word. Terwyl hulle op die grondpad gery het, het beskuldigde 3 vir hom gesê om stil te hou. Hy het die opdrag gehoorsaam. Beskuldigde 3 het uitgeklim, gevolg deur beskuldigde 2. Beskuldigde 2 het 'n piksteel saamgeneem wat agter in die motor gelê het. Beskuldigde 2 en beskuldigde 3 het die oorledene saam met hulle geneem. Beskuldigde 1 en beskuldigde 4 het later gevolg.

'n Ent van die motor het beskuldigde 2 die oorledene

begin .........

begin slaan met die piksteel. Die oorledene het gestruikel en teen 'n boom geleun. Beskuldigde 3 neem toe die piksteel by beskuldigde 2, en slaan die oorledene een hou teen die kop. Die oorledene het inmekaar gesak. Beskuldigde 2 het toe vir beskuldigde 1 en beskuldigde 4 aangesê om takke nader te bring. Die takke is op die oorledene se liggaam gepak, en beskuldige 2 het die piksteel ook op die hoop gegooi. Beskuldigde 2 het daarna vir beskuldigde 4 petrol gevra, en beskuldigde 4 het 'n kannetjie uit die motor se bagasiebak gebring waarin daar nog 'n bietjie brandstof was. Beskuldigde 2 het dit oor die oorledene leeggemaak. Daarna het beskuldigde 3 (of beskuldigde 2, of albei) vir vuurhoutjies gevra. Niemand het gehad nie, en hulle het per motor uitgery om daarvoor te gaan

soek .............

soek. Mense langs die pad het aan hulle vuurhoutjies gegee, en hulle is terug na die toneel waar beskuldigde 2 die takke aan die brand gesteek het. Hulle is toe almal daar weg.

Indien beskuldigde 4 se getuienis korrek is kan daar geen twyfel wees oor die aandadigheid van beskuldige 2 en beskuldigde 3 nie. In argument voor ons het Mev Stander, namens beskuldigde 2, dan ook betoog dat die verhoorhof gefouteer het deur beskuldigde 4 se weergawe te aanvaar en dié van beskuldigde 1 en beskuldigde 2 te verwerp.

By die beoordeling van die getuienis van beskuldigde 4 was die hof bedag daarop dat, as 'n medepligtige, hy moontlik ander persone by die misdaad kon betrek om sy eie aandadigheid weg te praat. Hierdie oorweging, het die hof be-

vind ...........

vind, het egter nie in die onderhawige geval gegeld nie: dit was gemene saak dat beskuldigde 4 nie aan die aanranding deelgeneem het nie, en dit was dus nie vir hom nodig om sy eie rol aan iemand anders toe te dig nie. Daar was dan ook geen klaarblyklike motief om beskuldigde 2 by die aanranding te betrek as die aanranding slegs deur beskuldigde 3 gepleeg is, soos beskuldigde 2 beweer het nie. Mev Stander het aan die hand gedoen dat so 'n motief mag ontstaan het deurdat beskuldigde 2 in sy getuienis die optrede van beskuldigde 4 in minder neutrale kleure geskilder het as wat deur beskuldigde 4 self gebruik is, en dat beskuldigde 4 derhalwe 'n motief gehad het om beskuldigde 2 te probeer diskrediteer. Hierdie bespiegeling verloor egter heelwat gewig as in gedagte gehou

word ..........

word dat beskuldigde 4 se weergawe in getuienis, wat in Junie 1986 gelewer is, ooreengestem het met 'n verklaring wat hy op 10 Mei 1985 aan 'n landdros gemaak het.

Daar is ook gewys op sekere swakhede in beskuldigde 4 se getuienis. Oor die algemeen, meen ek, kan daar gesê word dat beskuldigde 4 deurgaans sy eie rol in die aangeleentheid probeer verklein het deur voor te gee dat daar niks ongerymds in sy teenwoordigheid plaasgevind het nie, of, waar hy sy aanwesigheid of deelname nie kon wegpraat nie, dat hy deur vrees of dreigemente beïnvloed was. Hy was dus klaarblyklik nie 'n getuie op wie absoluut peil getrek kon word nie, maar die hof a quo het hom ook nie as sodanig beskou nie. Die hof het sy getuienis met wantroue bejeën,

en .........

en maar alleen sy relaas van die aanranding op die oorledene as samehangend en oortuigend beskryf. Die punte van kritiek wat Mev Stander op sy getuienis ten opsigte van die aanranding geopper het, is myns insiens nie gewigtig genoeg om af te doen aan die verhoorhof se bevinding nie. En sy getuienis dat beskuldigde 2 aan die aanranding deelgeneem het, is ook nie *in vacuo* aanvaar nie. Die hof het in hierdie verband ook gewig geheg aan die verwerping van die getuienis van beskuldigde 1 en beskuldigde 2; aan die feit dat beskuldigde 2 volgens al die beskikbare getuienis op daardie dag vir beskuldigde 3 bygestaan het; en aan die feit dat, nieteenstaande sy verkondigde onskuld, beskuldigde 2 geen poging aangewend het om die gereg te ken in die moord van die persoon

wat .........

wat hy as sy "spesiale vriend" beskryf het nie. Hierby kan ek voeg dat beskuldigde 2 na die moord geredelik saam met beskuldigde 3 vertrek het en hul vriendskaplike verhouding voortgesit het.

Soos ek reeds gemeld het, het Mev Stander ook betoog dat die hof gefouteer het deur die getuienis van beskuldigde 1 en beskuldigde 2 te verwerp. Beskuldigde 1 se getuienis was direk teenstrydig met ŉ verklaring wat hy aan ŉ landdros gemaak het waarin hy beskuldigde 2 en beskuldigde 3 by die moord betrek het. Dit op sigself sou ŉ goeie rede wees om sy getuienis te verwerp dat die aanranding deur beskuldigde 3 alleen gepleeg is. Daar is egter ook ander gegronde redes wat deur die verhoorhof geopper word. Na my mening kan die

juistheid ........

juistheid van die verwerping van beskuldigde 1 se getuienis ten opsigte van die aanranding nie betwyfel word nie.

Wat beskuldigde 2 se getuienis betref, is dit verwerp vanweë inherente swakhede; vanweë die indruk wat beskuldigde 2 in die getuiebank geskep het; en vanweë teenstrydighede tussen sy getuienis en die objektiewe waarskynlikhede. Ook hierdie bevinding kan myns insiens nie met sukses aangeveg word nie.

Weens die voorgaande meen ek nie dat daar enige gegronde rede is om af te wyk van die verhoorhof se bevinding dat beskuldigde 4 se getuienis aanvaar en dié van beskuldigdes 1 en 2 verwerp moet word nie. Dit volg dus dat beskuldigde 2 myns insiens tereg skuldig bevind is aan moord.

Namens beskuldigde 3 het Mnr Malan ook formeel be-

toog .......

toog dat die skuldigbevinding ter syde gestel moet word. By die verhoor van die appèl het hy egter in hierdie opsig volstaan by wat in sy betooghoofde verskyn. Die probleem waarvoor hy gestaan het was nie alleen dat die waarskynlikhede heelwat sterker teen beskuldigde 3 getel het as teen beskuldigde 2 nie, maar dat beskuldigde 3 in getuienis ten opsigte van versagtende omstandighede erken het dat hy die oorledene die finale hou met die piksteel toegedien het. Ek hoef dus nie meer te sê nie as dat ek met die verhoorhof se bevinding oor beskuldigde 3 se skuldigbevinding saamstem.

Dit bring my dan by die kwessie van versagtende omstandighede. Namens albei appellante is betoog dat die verhoorhof gefouteer het deur te bevind dat die beskuldigdes

die ........

die opsetvorm dolus directus, in teenstelling tot dolus eventualis, gehad het. Ek meen egter dat ŉ direkte opset om te dood die enigste redelike afleiding van die feite is. Beskuldigdes 2 en 3 het die oorledene gesoek omdat hy vir beskuldigde 3 skade berokken het. Dit is duidelik dat hulle ŉ aanranding op hom wou pleeg. Hulle neem hom toe ŉ afstand van 8,6 km na ŉ onbewoonde gebied, waar hulle hom ŉ verdere 110 meter in die bosse inneem. Klaarblyklik wou hulle ŉ onverstoorde geleentheid hê om hom te lyf te gaan. As wapen gebruik hulle ŉ piksteel, wat klaarblyklik ŉ uiters gevaarlike wapen is, en dien hom houe teen die kop toe. Dit is wel waar, soos deur Mnr Malan beklemtoon, dat die piksteel toevallig ter hande was. Aan die ander kant, as

die ...........

die beskuldigdes net 'n matige aanranding beoog het, sou daar sekerlik heelwat minder gevaarlike wapens soos latte, stokke, ens., op die toneel gewees het, en sou die beskuldigdes in elk geval hul vuiste en geskoende voete kon gebruik het. Ten slotte, nadat die oorledene inmekaargestort het, doen die beskuldigdes stappe om sy liggaam te verbrand, sonder om eers vas te stel of hy inderdaad reeds dood is. Alles getuig myns insiens van 'n daadwerklike bedoeling om hom te dood.

Ten opsigte van beskuldigde 2 is verder betoog dat hy op die betrokke dag onder die invloed van Mandrax en dagga was, dat hy 'n "primitiewe wese" is, en dat hy 'n mindere rol as beskuldigde 3 in die aangeleentheid gespeel het.

Hierdie ........

Hierdie faktore is almal deur die verhoorhof oorweeg, en na my mening bestaan daar geen gronde waarop die verhoorhof se bevinding aangeveg kan word nie.

Namens beskuldigde 3 is, benewens faktore wat reeds genoem is, staatgemaak op die omstandigheid dat beskuldigde 3 onder groot provokasie gehandel het. Hoewel dit nie objektief bewys is dat die oorledene inderdaad die skade aan beskuldigde 3 se motor en die inhoud van die woonstel veroorsaak het nie, is betoog dat hy redelikerwyse geglo het dat die oorledene hiervoor verantwoordelik was. Gedurende die hele tyd in die motor het die oorledene egter steeds sy onskuld bely, wat verder, so is betoog, beskuldigde 3 se woede moes laat oplaai het. By die toneel is die voortou geneem

deur .............

deur beskuldigde 2 en, so is betoog, dit sou onmenslike selfbeheersing aan die kant van beskuldigde 3 gekos het om nie ook deel te neem nie.

Beskuldigde 3 se motief is deur die hof a quo oorweeg, en dit is nie as versagtend beskou nie. Ek stem hiermee saam. 'n Geruime tyd het verloop vandat beskuldigde 3 die skade agtergekom het totdat die moord gepleeg is. Gedurende hierdie tyd het beskuldigde 3 eers te voet in Atlantis gesoek na die oorledene. Daarna het hulle per motor gery. Hulle het eers by Lark's Place aangedoen. Vir die doel van die aanranding het hulle toe 'n hele ent gery, en toe ook eers 110 treë in die bosse ingeloop. Sekerlik was daar dus genoeg tyd vir beskuldigde 3 se woede om af te koel.

Die ............

Die indruk wat 'n mens uit die getuienis kry is nie dat beskuldigde 3 in 'n toestand van onbeheersde woede was nie, maar dat hy koel en berekenend opgetree het. Hy het klaarblyklik besluit om behoorlik met die oorledene af te reken. Daar is ook geen getuienis dat beskuldigde 2 se optrede enigsins die uitwerking gehad het om beskuldigde 3 aan te vuur nie. Gevolglik meen ek nie dat die hof gefouteer het deur provokasie nie as 'n versagtende omstandigheid te beskou nie.

Ander faktore soos die beskuldigde se persoonlikheid en die gebruik van dwelms is behoorlik deur die verhoorhof oorweeg. Geen voldoende rede is aangetoon om van die verhoorhof se bevinding af te wyk nie.

Weens die voorgaande meen ek dat die verhoorhof se

bevindinge .........

bevindinge ten opsigte van skuldigbevinding en die afwesigheid van versagtende omstandighede onaanvegbaar is.

Die twee appellante se appèlle teen hul skuldigbevindinge aan moord en die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie, word van die hand gewys.

E M GROSSKOPF, AR

SMALBERGER, AR }
KUMLEBEN, WnAR } Stem saam